
| Beplanning: 11 – 15 Mei 2020 | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | **Maandag** | **Dinsdag** | **Woensdag** | **Donderdag** | **Vrydag** |
| **Wiskunde** | Tel in veelvoude van 3 en eindig by 36.<br><br>Doen bl 45 van die werkboekie wat handel oor vergelyk en orden van getalle. Doen ook die werkvel oor massa. | Tel in veelvoude van 3 en eindig by 39.<br><br>Doen bl 37 van die werkboekie wat handel oor optel en aftrek.<br>Doen ook bl 46 wat handel oor orden van getalle. | Vra mondelings vir leerder om die volgende getalle te halveer. (10, 20, 12, 9 en 5)<br><br>Doen bl 35 van die werkboekie wat handel oor ontbinding. Doen ook boonste deel van bl 41 wat handel oor getalname. | Oefen getalkombinasie van 11 Inligtingsboek bl 40.<br><br>Leerders moet hulle eie patrone bou in hul boek deur gebruik te maak van verskillende vorms en prentjies. Doen ook werkvel oor vorms. | Tel in veelvoude van 3 en eindig by 42.<br><br>Doen boonste deel van werkboekie bl 12 wat handel oor vermenigvuldiging. Doen ook bl 42 wat handel oor groepering. |
| **Lees** | Lees en voltooi die begripstoets: Beertjie lees ‘n storie. | Lees die sigwoorde van “Die stukkende dak”.<br>Lees ook bl 7 van “Die stukkende dak”. | Lees die nuwe woorde van “Die stukkende dak”.<br>Lees ook bl 8 van “Die stukkende dak”. | Lees die sigwoorde “Die stukkende dak”.<br>Lees ook bl 9 van “Die stukkende dak”. | Lees die nuwe woorde van “Die stukkende dak”.<br>Lees ook bl 10 van “Die stukkende dak”. |
| **Klanke, taal en skryfwerk.** | Lees die ooi- woorde in die Inligtingsboek bl 10.<br><br>Doen skrifoefening: e E. | Lees die aai- woorde in die Inligtingsboek bl 10 en voltooi werkvel oor aai-<br><br>Doen skrifoefening: l L. | Doen werkvel wat handel oor leestekens en voltooi van sinne.<br><br>Doen skrifoefening:i I. | Lees: Die vlooi.<br>Soek ooi- en aai- woorde in die storie en onderstreep hul.<br><br>Doen skrifoefening: f F. | Kies 4 ooi- en 4 aai- woorde en bou sinne met dit in jou boek. Jy kan meer as een woord in ‘n sin gebruik. |
| **Engels** | Lees: We visit our grandmother.<br><br>Oefen sigwoorde agter in die leesboek. | Oefen jou spelwoorde Inligtingsboek bl 56 Kolom 6 | Voltooi: Past tense crossword puzzle werkvel.<br><br>Kies 2 van die spelwoorde en maak ‘n sin met dit in jou boek. | Voltooi: Alphabetical werkvel. | Lees: Every day we like to play.<br><br>Oefen sigwoorde agter in die leesboek. |
| **Lewensvaardigheid** | Voltooi werkvel oor plaasdiere se geluide en blyplek. | Touspring | Lees inligting oor die slak en voltooi werkvel. | Touspring | Touspring |


# Massa

Kyk na die prente en rangskik van die swaarste tot die ligste in die tabel.




| |
|---|
| |
| |
| |
| |
| |


As ons 'n klip en 'n bal op 'n weegskaal sit. Na watter kant sal die weegskaal tiep? Omkring die voorwerp.



## Meting - Massa:

a) In watter maateenheid meet ons massa of gewig?

i) cm ii) km iii) kg iv) ml




b) Waarvoor staan die volgende afkortings?

i) g > ................................ ii) kg > ..............................................

c) Watter meetinstrument sal ek gebruik om massa te weeg?

i) maatband ii) skaal iii) meterstok

d) Orden die plaasdiere se massa van die ligste na die swaarste.




| 53kg | 44kg | 9kg | 43kg | 67kg |
|---|---|---|---|---|
| koei | vark | haan | skaap | perd |

| Plaasdier | Rekordeer die massa |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |
| 4. | |
| 5. | |

# Ruimte & vorm

3.2 Sorteer 2D-vorms:

Kleur dieselfde vorms in en tel hoeveel.



driehoeke ........... sirkels ...........

reghoeke........... vierkante ...........


b) Beanwoord die vrae oor 2D-vorms:

i) Watter vorm het 3 hoeke? Teken ...........................


ii) Hoeveel sye het 'n reghoek? ...........................

iii) Kan die sirkel rol of skuif? ...........................


iiii) Kan die reghoek rol of skuif? ...........................



iv) 'n Ovaal het ( ronde / plat ) kante.



v) Omkring die vierkant se hoeke en tel ...............





# Beertjie lees 'n storie

deur Anna Emm

Beertjie woon saam met al die ander speelgoed in die speelkamer. Hy is al 'n ou beertjie, en die ander speelgoed speel nie graag met hom nie. Hulle dink hy is outyds. Beertjie is maar altyd alleen.

Op 'n dag tel Beertjie 'n storieboek op wat een van die kinders in die speelkamer vergeet het. "Wat is dit hierdie?" vra hy vir die Lego-mannetjies. "Dis 'n boek," sê hulle. "Daar is 'n storie in. As jy kan lees." Beertjie maak die boek oop om te sien of hy kan lees. En dan rek sy ogies groot! Nie net is die boek vol van die mooiste prentjies wat hy nog ooit gesien het nie, maar die lettertjies op die bladsy vertel sowaar 'n storie! En hy kan sowaar lees! Beertjie gaan sit in die hoekie en begin die storie lees. Hy lees en hy lees en hy kyk nie een keer op nie.

"Waar is Beertjie dan vandag?" vra die lappoppe. Hulle soek hom oral. Maar, Beertjie sit in die hoekie en lees in die boek. Hy kyk nie op nie, en hy hoor nie eens as die lappoppe hom roep nie!

"Waar is Beertjie dan?" vra die plastiek-perdjies. Hulle kyk rond in die speelkamer. Hulle roep en roep, maar Beertjie hoor hulle nie eens nie. Hy sit in die hoekie en lees in die boek.

| |
|---|
| Beantwoord die ander vrae in jou werkboek. |

## Beertjie lees 'n storie
## Beanwoord die begripsvrae:



1. Hoekom is Beertjie alleen?
2. Wat het Beertjie opgetel wat sy hele lewe verander het?
3. Beertjie het in die ____________ gaan sit en die ____________ begin ____________ .
4. Die ______________________ en die ______________________ het vir Beertjie gesoek.
5. Skryf die sin oor met korrekte leestekens: waar is beertjie vandag

   ____________________________________________
6. Hoekom het die ander speelgoed hartseer gevoel?
7. Beertjie kry sommer 'n ____________ plan.
8. Hoe het Beertjie almal se beste maatjie in die speelkamer geword?
9. Hoe voel jy as ander maatjies nie met jou wil speel nie?
10. Het jy 'n gunsteling storie? Skryf 3 sinne oor jou gunsteling storie.

Lees die sin. Klap die sin.
Skryf die sin. Lees nou jou sin.


Die fraai dogter swem graag in die baai.

Die kraai sien die kwaai haai in die see.

Die haan kraai terwyl die wind waai.

Pappa braai en Mamma maak die slaai.

Lees die klanke.




Bou die woorde.

| | |
|---|---|
| br | aai |
| kr | aai |
| fr | aai |
| sl | aai |
| kw | aai |
| sw | aai |

Skryf die woorde.

## Skryf die sinne met die korrekte hoofletters en leestekens.



willem koop brood konfyt en melk by die winkel

________________________________________

________________________________________

woon sarie en ben in bloemfontein

________________________________________

________________________________________

verjaar lettie in desember

________________________________________

________________________________________

## Voltooi die sinne deur 5 of meer woorde by te voeg.

Die eend loop __________________________________

________________________________________

Sy sien 'n____________________________________

________________________________________

Hulle is bang __________________________________

________________________________________



## Lees die sinne.

Onderstreep die ooi- woorde met rooi.

Onderstreep die aai- woorde met blou.

## Die vlooi

Mamma en pappa se gesigte trek op 'n plooi
toe hulle 'n vlooi in die hond se kooi sien.
Niemand hou van 'n vlooi nie!
Ek gaan hom met die kussing gooi of met
my skoen looi.
Die vlooi spring in die laai.
Mamma en pappa is sommer kwaai.
Hulle maak sommer 'n groot lawaai
Pasop, of ek gaan jou voer vir
Pollie die papegaai!




Verbs: Add -ed

# Past Tense Crossword Puzzle

Directions: Write the past tense of each verb below on the lines. Use the verbs in the sentences. Complete the crossword puzzle.

| | | |
|---|---|---|
| ask__________ | play__________ | watch__________ |
| walk__________ | jump__________ | brush__________ |
| climb__________ | bake__________ | look__________ |




## Across

1. The frog ____________ onto the lily pad.
3. I ____________ home from school.
4. She ____________ her hair in the morning.
5. We ____________ the tallest mountain.
8. I ____________ the teacher a question.




## Down

2. I ____________ checkers with my friend.
3. We ____________ the bird build its nest.
6. Patrick ____________ under his bed for his shoe.
7. My mom ____________ a pumpkin pie for dessert.




# Farm Animal Alphabetical Order

Can you arrange these farm animals into alphabetical order?



| | |
|---|---|
| pig | horse |
| sheep | duck |
| goose | turkey |
| cow | rooster |

1 ______________________



2 ______________________

3 ______________________

4 ______________________



5 ______________________

6 ______________________

7 ______________________


8 ______________________

We visit our grandmother.
She lives on a farm.
She has lots of animals.
We get eggs from the hens.
We get milk from the cows.
We get food from the garden.
She has a big tractor.

Every day we like to play.
I like to go to the library
to get books to read.
I like to play soccer.
I like to play netball.
I like to play with my dog.
I like to sing but I don't
like to swim. We all like to
play in the park.

# Die slak

Kyk na die dop van die slak.




Hoe beweeg 'n slak vorentoe? ______________________

Het jy al ooit 'n leë slakdop opgetel? Wat dink jy het met die slak gebeur?


______________________________________________

Watter kleur is die slak se dop? ______________________

Waarom dink jy het slakke doppe? ______________________

## Dele van 'n slak.

voelers asemhalingsopening dop oë voet



Ons skryf

Vul die korrekte antwoorde in hierdie tabel in.
Ons het die eerste een vir jou gedoen.



| | |
|---|---|
| Manlik | Ram |
| Vroulik | Ooi |
| Kleintjie | Lam |
| Geluid | Mê |
| Blyplek | Kraal |



| | |
|---|---|
| Manlik | |
| Vroulik | |
| Kleintjie | |
| Geluid | |
| Blyplek | |



| | |
|---|---|
| Manlik | |
| Vroulik | |
| Kleintjie | |
| Geluid | |
| Blyplek | |



| | |
|---|---|
| Manlik | |
| Vroulik | |
| Kleintjie | |
| Geluid | |
| Blyplek | |

Onderwyser:
Teken:
Datum: